Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 17 Mei 2019

## 1. UITSLAE:

**Rugby:**

Die rugby neem deel teen Midstream High School en die uitslae is soos volg:
Die 0/15 A-span wen 17-12 en die Tweede Span wen 21-19. Alhoewel die ander spanne verloor het, was die tellings in die meeste gevalle baie naby aan mekaar en het die Wonnie-veggees tot die einde na vore gekom.

**Netbal:**

Die Netbal het krag gemeet teen die Hoërskool Centurion. Die volgende spanne vaar goed:
0/15 A-span verloor net-net 14-18; 0/15 B-span wen 16-13;
0/16 C-span wen 16-8; 0/17 A-span wen 12-9;
0/17 B-span wen 22-8.

**Tennis:**

Die Junior Dogters-Tennisspan het ook 'n pragoorwinning behaal teen die Hoërskool Monument met 41-26.



**Tafeltennis:**

Baie geluk aan die A-span wat met 24-6 teen die Hoërskool Waterkloof wen.

## 2. TONEELFEES:

Die Wonnies het hul eerste Toneelfees beleef. Dit was 'n heerlike aand van skalks glimlag, harop lag en kliphard skreelag. Dankie aan elke huis vir hul baie kreatiewe aanbiedings. Die uitslag is soos volg:
Beste regisseur: Spartane
Beste program: Spartane
Beste visuele impak: Knights
Beste aktrise (ondersteunend): Izaan Beylevelt (Spartan)
Beste akteur (ondersteunend): Melvin Steyl (Viking)
Beste akrtise: Zanedrieke de Lange (Knight)
Beste akteur: Armand Cilliers (Spartan)

**BESTE TONEEL VIR 2019: SPARTANE**

SPARTANS

## 3. JUNIE-EKSAMEN

**GRAAD 10-12:** Die Graad10-12 Junie-eksamen begin op **20 Mei 2019**.

**GRAAD 8-9:** Die Graad 8-9 leerders het nog daagliks skool tot 24 Mei 2019, waarna hul eksamen op **27 Mei 2019** in aanvang neem. Alle Graad 8- en 9-leerders is daagliks by die skool en skryf aan die einde van die sessie eksamen.

Die eksamenrooster is ook aan elke leerder uitgegee, tesame met die eksamenreëls. Besoek gerus die skool se webwerf by www.wonnies.co.za om die rooster en reëls te bestudeer. Let daarop dat indien leerders afwesig is tydens die eksamen, 'n doktersbrief ingehandig moet word, wat die leerder toelating tot 'n siekte-eksamen gee. Indien die leerder nie 'n doktersbrief inhandig en daarna die siekte-eksamen aflê nie, sal die leerder 'n 0-punt vir die eksamen ontvang.

**5. GRAAD 8 VAN 2020 - INSKRYWINGS**:

Die aanlyn-inskrywings vir Graad 8 van 2020 **IS DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS GESKUIF NA 20 MEI 2019 OM 8:00**. Besoek die webwerf www.gdeadmissions.gov.za om aanlyn aansoek te doen. Ouers moet die keuse hê by watter skool u, u kind wil inskryf en in watter taal die leerder wil skoolgaan. Indien u enige probleme met die aanlyn-aansoeke ondervind, kom besoek gerus die skool dat ons u kan help. Ouers wat suksesvol aansoek gedoen het, moet hul aanlyn-Waglysnommer (met die getal **230383** in) bêre as bewys en verwysing vir verdere kommunikasie. Die volgende dokumente moet ook binne **SEWE** dae nadat u aansoek gedoen het, by die skool ingehandig word:

- Die skool se aansoekvorm,
- Bewys van die adres waarop u aansoek gedoen het (huis- of werksadres),
- Die leerder se geboortesertifikaat,
- Die ouer(s)/voog(de) se ID-dokumente
- Die leerder se Graad 7 (kwartaal 1) rapport.

Daar is beperkte plekke beskikbaar – ouers word dus aanbeveel om so spoedig moontlik aansoek te doen en dokumente by die skool te kom ingee.

**Sterkte aan elke Wonnie-leerder met die komende Junie-eksamen.**



M LEZAR
SKOOLHOOF

Maak tyd om te WERK - dit is die *prys* van **sukses**

Maak tyd om te DINK - dit is die *bron* van **krag**

Maak tyd om te SPEEL - dit is die *geheim* van **ewige jeug**

Maak tyd om te LEES - dit is die *fontein* van **wysheid**

Maak tyd om VRIENDELIK te wees - dit is die *pad* na **geluk**

Maak tyd om om te LAG - dit is *musiek* vir die **siel**

Maak tyd vir GOD - dit is die *enigste* standhoudende **belegging**